

# **...VAN DIE CD EN DIE VERHOOGPRODUKSIE?**

Baie geluk met 'n uitstekende vertoning! Julle was great en die show fantasties. Ek glo werklik dat onse Here jou talente gegee het wat jy nou ten volle tot Sy eer kan gebruik. Sterkte vir die pad vorentoe. Mag God jou hart suiwer hou, jou ore gewillig vir Sy stem, jou oë oop vir Sy pad, jou hande omhoog maar jou hoof geboë.

Ek het vanoggend na jou cd gesit en luister, en weer iets van my kinderlike geloof in God voel roer, soos toe ek nog klein genoeg was om te glo dat alles mooi en regverdig is. En ek was dankbaar dat ek nie so "spiritual" geword het dat jou pragtige woorde by my verby gegaan het nie. Mens kan mos baie slim raak en dan gooi jy die baba met die badwater uit!

**EN VAN DIE MANNE SE KANT.....** Dit was soos 'n nuwe briesie wat deur (ons gemeenskap) en sy mense gewaai het. Almal het iets met hulle saam geneem want elkeen kon (hom of haar) identifiseer met iets wat op die verhoog gesê is. Van die geharde manne het met trane in hul oë kom sê dat dit hulle baie diep geraak het. Want, weet jy, dat in elke mens is daar die verskuilde hunkering na die waarheid. Waarheid oor hulself, hulle gevoelens en dit wat rondom hulle gebeur.

**Jou woorde en Mariette se stem praat so diep tot in 'n mens se siel..... ek kan skaars wag om nog te hoor - nog van jou en nog van my en nog van Hom. Baie dankie dat jy gehoorsaam was!!**

Een van my vriendinne het jou cd geluister. Haar woorde: "dis die mooiste ding wat ek nog ooit gehoor het"

# **EN VAN DIE KAARTJIES EN ANDER PRODUKTE....**

Ek kry n geskenk van n vriendin met een van jou kaartjies...."koester alle verhoudings...." en daar is ek so gebless want dit is absoluut so special! Ek het die kaartjie geraam in n ou Dunlop tennisrakket se hout framepie, dit lyk stunning!!!!

Nietemin ek het uiteindelik op die website gaan kyk en toe is ek meer gebless, weet jy dis so amazing om te weet daar is ook ander mense wat die Here create het wat iets skep waarmee n mens kan relate of connect, jou werk is vir my awesome.

.....dis FANTASTIES. Dit is great man..... Ek wil hulle raam. Dit is my eerste plan met hulle daarna sal ek dink aan geskenke. Maar dit is great gedagtes wat ons elke dag MOET lees

..... 'n Maatjie se Pappa is so maand of wat gelede oorlede – was maar 28 jaar oud. Gister sien ek sy Mamma by die skool met een van jou notaboekies in die hand. Iemand moes dit vir haar gegee het. Sien net hoe werk God deur jou om mense by te staan!! Amazing!

**Wow, dis ongelooflik mooi, dis great!  
Wow, ongelooflike produk, wil sommer aan almal  
slke kaartjies gee.**